LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

10 September 2020

Geagte Gr. R Ouers

Ons glo en vertrou dat dit baie goed gaan met elkeen van u. Graag bring ons ‘n paar sake onder u aandag.

RAPPORTE

Alle Gr.R leerders sal op Donderdag, 22 en Vrydag, 23 Oktober hulle rapporte vir kwartaal 3 ontvang. U is altyd welkom om met die klasonderwyseres te skakel indien u navrae het. Ouers wat se kinders nie op standaard is nie, is reeds gekontak. Daar sal oueronderhoude wees op uitnodiging via ‘Google Meet’ of ‘n telefoonoproep.

SKOOLVAKANSIEDAG

Donderdag, 24 September is Erfenisdag en is die skool dus gesluit. Neem asb kennis dat ons skool ook op Vrydag, 25 September gesluit sal wees vir ‘n skoolvakansiedag. Op Maandag, 28 September begin ons die week met **Groep 2** vir die Gr. R leerders.

GOOGLE CLASSROOM

Dankie aan al die Google Classroom leerders wat getrou klasse bywoon. Ons herinner u net weer daaraan dat indien die personeel ervaar dat die Google Classroom leerders nie presteer soos hy/sy moet nie, hul die voorreg ontneem mag word om van Google Classroom gebruik te maak.

GRADEPLEGTIGHEID

Ons gaan op 16 Oktober fotos neem vir die Gradeplegtigheid. Daar gaan ook fotos geneem word vir die Kersfeespakket wat beskikbaar gaan wees op bestelling.

Neem kennis dat daar wel ‘n Gradeplegtigheid gaan plaasvind in kwartaal 4 maar die formaat gaan net aangepas word volgens die Covid-19 reëls.

Meer inligting oor die fotodag en Gradeplegtigheid sal later deurgegee word.

HERRIGISTRASIE

Gr R ouers hoef nie weer ‘n herrigistrasievorm te voltooi nie. U kind is alreeds op die aanlynstelsel ingeskryf vir Gr 1.

LARDIE TYDKAPSULE

Op 10 Oktober 2010 het ons Oud Lardies ‘n tradisie begin deur briewe en spesiale herinneringe van daardie jaar in die Lardie Tydkapsule te plaas. Hierdie jaar op Saterdag, 10 Oktober 2020 sou ons hierdie tradisie voortgesit het tydens ons jaarlikse Lardie Kuierfees. A.g.v. Covid-19 het ons die verloop van die vieringe en tradisie aangepas. Volledige inligting en wyses van hoe ons hierdie projek gaan aanpak sal spoedig aan u gekommunikeer word. Mnr Human stuur binnekort ‘n spesiale boodskap uit oor die geskiedenis rondom die Lardie Tydkapsule.

NASKOOL INSKRYWINGS VIR 2021

Die aansoekperiode om leerders by die Naskoolsentrum te registreer vir 2021, is nou oop en sluit op Woensdag, 30 September 2020. Ouers met leerders van Gr.1 tot Gr.7 in 2021 wat die naskool wil bywoon moet asb, die aangehegte vorm volledig voltooi en onderteken. Die 2021 kurrikulumfooi van R1,000 t.o.v. Naskool is betaalbaar voor/op Saterdag, 31 Oktober 2020.

‘n Finansiële skrywe sal binnekort volg met die debietordervorm waarop skool- en naskoolgelde aangedui sal word.

Baie sterkte aan elke Gr. R Lardie vir die res van kwartaal 3. Ons is trots op wat hulle vermag het tydens hierdie groot aanpassing en manier van onderrig.

Lardie groete

ME A KORNELIUS
GR. R HOOF

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF

Slegs vir advertensie doeleindes

DIE PLAASWERF SE OPE DAE

Ons wil jou graag uitnooi om 'n heerlike dag saam met jou kinders by ons te spandeer. Bring 'n piekniekmandjie saam en kom ontspan in 'n rustige plaasomgewing.

Hier is wat jy moet weet:

- ★ Besprekings noodsaaklik.
- ★ Slegs oop vir die publiek op sekere dae van 10:00 - 16:00.
- ★ Beskikbare datums: 13 / 18 / 19 / 24 / 26 September.
- ★ Alle gaste se temperatuur sal met aankoms gemeet word. Dra van maskers verpligtend.
- ★ Koste: R 50.00 per persoon (kinders onder 2 gratis).
- ★ Voorafbetaling noodsaaklik. Geen kaartfasiliteite beskikbaar.
- ★ Eie piekniekmandjies kan saamgebring word (tafels en bankies beskikbaar). Klein wegneemspyskaart en warm drankies beskikbaar by ons snoepie tussen 11:30 - 14:00.
- ★ Verskeie plaasdiere asook ander diere om te besigtig. Die meeste diere kan ook gevoer word so jul is welkom om dierekos saam te bring (brood, vrugte en groente). Kospakkies vir diere sal ook te koop aangebied word.
- ★ Ons beskik ongelukkig nie oor 'n restaurant of teetuin nie.
- ★ Geen braaifasiliteite beskikbaar nie.
- ★ Slegs Kontant snoepie beskikbaar.
- ★ Ligging: Soek op Google Maps na "Wag 'n Bietjie Camp Site, Moonlight Rd".
- ★ Bankbesonderhede vir voorafbetaling van toegangsfooie:

  The Farm Yard

  First National Bank (Irene Tak 210529)

  Tjekrekening 6248 054 3480

  Verwysing: Jou van + datum van besoek

  E-pos asseblief betalingsbewys met jou selnommer na faansie@gmail.com

Ons sien daarna uit om jul by Die Plaaswerf te verwelkom!

faansie@gmail.com

074 806 8509

www.wagnbietjiecamp.co.za kliek op Die Plaaswerf

Facebook: The Farm Yard/Die Plaaswerf